# ECHO OF HIS CALL

AFRIKAANS

# EGGO VAN SY ROEP

ECHO OF HIS CALL 1969–2019 GOLDEN JUBILEE

REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* DR. MARIETJIE NELSON

Vol. XVI | FEBRUARY 2023 | No. 08


## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**Spreuke 3:26-35**

26. Die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in 'n strik beland nie.
27. Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie.
28. Moenie vir iemand sê: "Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou," as jy nou reeds kan help nie.
29. Moenie kwaad teen iemand beplan terwyl hy vol vertroue by jou woon nie.
30. Moenie 'n man sommer aankla as hy jou nie kwaad aangedoen het nie.
31. Moenie 'n man wat sy mag misbruik, beny nie en moenie self soos hy maak nie,
32. want die Here het 'n afkeer van 'n slegte mens, maar neem mense wat reg lewe, in sy vertroue.
33. Die vloek van die Here rus op die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van dié wat aan Hom getrou is.
34. Met hooghartige spotters dryf Hy die spot, maar Hy is goed vir dié wat beskeie is.
35. Wyse mense verkry eer, maar dwase kom al hoe meer in die skande.

# DIE GROOT MISTERIE!

*(Boodskap gelewer deur Pastoor S. Sam Selva Raj in die Moederkerk)*

**"Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk" (Efesiërs 5:32).**

God se kerk is die basis vir die uitoefening van die Hemel se gesag op die aarde. Die kerk is die gemeenskap van die heiliges. Volgens die eerste tien hoofstukke van die Handelinge van die apostels, is aan die mense wat saam met Jesus Christus was en met Hom geleef het en sy liefde ervaar het, die naam 'dissipels'gegee. Die vroegste dissipels is 'Christene' genoem (Handelinge 11:26). Die res van die mense het nie gewaag om by hulle aan te sluit nie (Hand. 5:13).

Getroue Christene sal nie 'n leuen vertal nie, of ander bedrieg en verraderlik wees nie. Hulle leef in respek vir die Here. As sommige mense jou verraai het, beteken dit dat hulle nie kinders van God was nie. Jy kan met 'n oop gemoed met die kinders van God praat. Die mense wat die voorbeeld van Jesus Christus volg, en wat in sy voetspore volg, is die kinders van God. Die mense wat Jesus Christus volg, vertoon Hom onder alle omstandighede; hulle sal nie vir




**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*

**5-minuutboodskappe!!**

**Engels en Hindi**

Elke dag – 4.00 vm.

**Tamil & Telugu**

Maandae tot Saterdae – 5.00 vm.
Tamil Sondagdiens -- 8.30 vm.

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Malayalam boodskappe word voorgestel en daar word daarvoor gebid!! Bid asseblief.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## van julle geliefde broer...



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**CORE LEADERS**
Bro. K. Puratchivendan
Bro. A. Edward Durai
Bro. A. Alvin
Bro. K. Abraham
Sis. Dhanalakshmi Chinnaiah

**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call


**"Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie...." - Openbaring 3:8**

Geliefdes in die Here,

Ons groet julle in die naam van ons Here Jesus Christus.

Ons dank God vir die seëninge wat ons ontvang op ons pogings om die evangelie te versprei deur ons **Echo of His Call tydskrif** en die boodskappe deur ons YouTube Kanaal. Ek loof God vir die dierbare kinders van God, Pastoor Alex Samson Sam, Pastoor Chinnaiah, Broers en Susters Dhanam Chinnaiah, Mary Magdalene, N. Prakasam, Christina Jaba Kumari Chinnaiah, B. Saran, Pastor Vidhyadhar, Abraham, Salomi Abraham, Geetha Gurusamy, Daisy Rani, Solomon Robert, Joshua Robert, Edmond Thomas, Sam Pushbaraj ens. wat saam met my werk in die YouTube Kanaal-bediening.

Ons probeer om ten minste sommige mense te verlos van die aaklige aard van sonde en van die kloue van vervloeking. Ons het julle gebedsondersteuning baie nodig. Die pad van die bediening is baie moeilik. Die duiwel werk hard teen ons, ver bo ons vermoë om hom te weerstaan. Dit is net ons geliefde Here wat ons bedek en beskerm.

Ons verstaan ook julle moeilikhede en probleme en bid vir julle.

As dit God se wil is, sal die Gradedagplegtigheid van ons **Nehemia Bybelkollege** in Junie 2023 gehou word. Ons benodig studente wat geroep is vir God se bediening vir die volgende akademiese jaar, 2023-24. Bid asseblief hiervoor. Stel asseblief sulke studente aan ons voor. Sonder enige motief van materiële voordele werk ons hard vir die verspreiding van die evangelie. Bid asseblief met 'n las vir ons Tamil en Hindi Bybelkolleges en al ons veelvuldige bedieninge.

Ons bid vir julle. Mag die genade van God met julle wees. Amen.

Julle dienaars in Christus Jesus,


PR. S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, E.mail : samselvaraj333@gmail.com


Jesus Christus verloën wanneer hulle deur omstandighede bedreig word, of God se bediening vir hulle eie gewin gebruik nie.

Een van die grootste misteries in hierdie wêreld is die verhoudings in God se kerk, dit is die gemeenskap tussen die kinders van God en God. Die Here Jesus Christus gee hierdie misterie uit die hemel aan sy gelowinges deur die kerk. Dié wat uit God gebore is, is die kinders van God. Mense mag uit ryk of arm agtergronde kom, of mense wees wat deur 'n vallei van trane gaan. Dis ook moontlik dat hulle mense is wat hoop verloor het in die lewe, of deur ander verstoot is


**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ¤ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ¤ Online Courses ¤ Theological Correspondence Courses (2 languages) ¤ Church Planting ¤ Nehemiah Bible Colleges ¤ Gospel Printing Press ¤ Great Commission Partners ¤ St. Paul's Matriculation School ¤ Crusades ¤ Community Development

of dié wat heeltemal nutteloos is. Maar hulle wat in Jesus Christus glo, is gebore uit Jesus Christus (Johannes 1:13).

Al die waarhede wat 'n mens nodig het om 'n lewe van oorwinning te leef in hierdie wêreld, lê opgesluit in die geheime verhouding tussen die kerk en Jesus Christus. Maar mense probeer ander maniere vind vir vreugde en vrede en om vooruit te gaan in die lewe, en ignoreer hierdie waarheid. Hoewel daar 'n hele aantal geheimenisse in die Bybel aangetref word, vind daar veranderings plaas in ons lewens en word ons opgewek wanneer oms gebruik maak van die groot misterie van die verhouding tussen Jesus Christus en die kerk.

Die feite in verband met Jesus Christus, die Redder van die wêreld en sy kerk kan nie verander word deur tyd of kulture of omstandighede en deur nuwe tegnologie nie. Sommige mense dink die Christelike geloof is iets ongewens of dat hulle dit nie wil aanvaar nie, vanweë foutiewe inligting of sonder dat hulle 'n duideike kennis het van Jesus Christus. Maar hierdie mening is heeltemal verkeerd. Is daar enigiemand wat in die steek gelaat is omdat hulle Jesus Christus getrou gevolg het? Het enigeen arm geword as gevolg daarvan? Het enigeen vir ander moeilikheid veroorsaak? Niemand kan ooit 'ja' sê op een van hierdie vrae nie. “Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie” (Psalm 37:25). Niemand wat Jesus Christus volg, het nog ooit rondgedwaal op soek na kos nie.

Die geboorte van Jesus Christus en die Nuwe Jaar word nie net deur Christene gevier nie, maar ook deur mense van alle lande en deur die mense van allle godsdienste. Op die eerste dag van Januarie word spesiale vieringe en aanbidding gehou in tempels en plekke van aanbidding van alle godsdienste, hoekom? Die waarheid is altyd die waarheid. 'n Mens kan nie die waarheid vir 'n lang tyd ontken of verberg nie. Dit was die geboorte van Jesus Christus wat die wêreldgeskiedenis verdeel het in v.C. en n.C. Omdat die wêreld op 'n dwaalspoor geraak het, het die Here wat die aarde geskep het, die gestalte van die Man Jesus Christus aangeneem en sy groot liefde aan ons openbaar deur sy geboorte, dood en opstanding (Romeine 5:8). Terwyl alle grafte waar die liggame van mense wat gesterf het en begrawe is, toe bly, bly net die graf van Jesus Christus alleen oop. Hoekom? Hy is die Here en Redder wat die dood oorwin het en uit die dood opgestaan het! Enigeen kan die kerk van Jesus Christus haat en probeer om die kerk te vervolg. Maar die kerk van God is nie onder die beheer van mense nie. Dit funksioneer direk onder die beheer van God.

Sedert die begin van die wêreld het hierdie gemeenskap van God se kinders vreeslike lyding en teenstand ondervind. Maar niemand kan die uitbreiding van die kerk van God beheer nie. In die geskiedenis lees ons van die lande en owerhede wat probeer het om die kerke van God te beheer, dat hulle totaal verwoes is. Ons moet dus die evangelie met groot wysheid verkondig. As die mense wat nie die heerlikheid van God ken nie, kennis kry oor God, sal hulle vrede vind. Selfs vandag nog word baie mense ingeneem in die kerk in verskeie dele van die wêreld. Tallose kerke word elke dag geplant.

## 1. EK SAL MY KERK BOU!

Toe Jesus Christus in die streek van Casarea Filippi gekom het, het hy vir sy dissipels gevra “Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die Mens, is? Toe het hulle gesê, “Sommige sê Johannes die Doper, ander Elia en ander Jeremia of een van die profete.”

Hy sê toe vir hulle, “Maar wie sê julle is Ek?” En Simon Petrus het geantwoord, “U is Jesus die Christus, die Seun van die lewende God”. Jesus Christus het hom geantwoord, “Geseënd is jy, Simon, seun van Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou dat jy Petrus is, en op hierdie rots sal ek my kerk bou en die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie”(Matteus 16:17-18).

Hier het ons Here vir Simon gevra wat ander mense oor Hom sê. Jesus Christus het self ook geweet wat mense oor Hom sê. Hieruit moet ons verstaan dat elke geestelike leier behoort te weet wat ander mense oor hom sê. 'n Mens moet nie sê “Ek gee nie om wat ander oor my praat nie, ek werk volgens my gewete” nie. En Simon Petrus het geantwoord, “U is die Christus, die Seun van die lewende God”. Hier praat Petrus volgens die openbaring wat hy ontvang het. Jesus Christus het gesê dat vlees en bloed dit nie aan hom openbaar het nie, maar die Vader wat in die hemel is. Vandag beskou mense Christene as dwase, oningeligte mense, mense sonder wysheid wat die Christelike geloof versprei en ook as mense wat ander mense verander. As iemand Jesus Christus aanvaar as sy Verlosser, beteken dit dat vlees en bloed dit nie aan hom openbaar het nie, maar die Vader wat in die hemel is.

Almal van ons wat Jesus Christus as ons Verlosser aanvaar het, is mense wat 'n openbaring van die Here gekry het nie. Die mense wat openbarings in hulle lewens ontvang het, behoort aan die Here in die hemel sonder dat ons vorige lewens in ag geneem word.

Jy kan nie sê dat die Here nie met jou gepraat het of dat jy nie die stem van die Here gehoor het of dat jy geen verhouding met die Here het nie. Want die Here het vir Simon Petrus gesê "want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is." Dus het jy Jesus Christus aanvaar as jou Verlosser. Jesus Christus is die ware God, God van die gode en die hoogste in hierdie wêreld. Dit is die goddelike openbaring. 'n Mens kan Jesus Christus nie aanvaar onder druk of deur die pogings van ander sonder om die openbaring van die Here te kry nie. Dus, dié wat die openbaring van die hemel ontvang het, moet 'n lewe lei wat verskil van hierdie wêreld en wat 'n ander soort lewe is.

Mense probeer op verskillende maniere om vooruit te gaan in die lewe, maar die Bybel leer ons dat slegs die kinders van God wat sy openbaring gekry het, sal vooruitgaan in die lewe as dinge gedoen word op die manier wat Hy ons leer, wat nogal vreemd is.

## 2. MY KERK!

Enigeen kan enige werk in hierdie wêreld doen. Maar die werk om die kerk op te bou, rus in die hande van die Here. In Matteus 16:18 sê Jesus Christus "Ek sal my kerk bou." Hy het nie gesê Petrus of Paulus sou dit doen nie. Die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Die vergadering van die kinders van God is God se kerk. Dis nie die blote gebou nie. As ek sê daar sal 'n diens in hierdie kerk wees, verwys dit nie na die gebou nie. Dit dui die plek aan waar die kinders van God vergader. God self sal God se kerk bou. Almal van ons wat in 'n kerk vergader is, is God se kerk.

Die Here sal julle, die mense van God, opbou. God belowe dat die magte van die doderyk ons nie kan oorweldig nie. As ons dit aanvaar, moet ons belang heg aan die kerk in ons lewe. Die Here sê Hy sal ons opbou en voorspoedig maak. Die magte van die doderyk kan ons nie oorweldig nie. Die Here hou hierdie waarborge in sy hande. Die Here sal na jou moeilikhede en lyding kyk en jou bou, jy wat sy kerk is. Siektes, moeilikhede, skulde, armoede, moeilikhede van die duiwel afkomstig, sal jou nie oorweldig nie, want jy is sy kerk. Vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar dat Hy God is nie, maar die hemel het dit openbaar. Almal wat versamel is in die kerke van God sal nooit verlaat word nie.

God vergelyk hulle met mense wat hulle huise op rots gebou het. 'n Man bou sy huis op sand. Daar kom 'n storm. Swaar reën stort neer. Die water stroom verby, die huis sal vernietig word. Maar 'n ander man bou sy huis op rots. Die wind waai daar ook. Daar is 'n hewige stortbui en die water stroom verby. Die huis staan stewig. Moeilikhede of mislukkings, wat ook al met hom gebeur, hy sal stewig staan. Hy sal julle opbou omdat julle sy kerk is. Die poorte van die doderyk kan julle nie oorweldig nie. God sê Hy vergelyk hulle met mense wat hulle huise op rots gebou het.

Ons is slegs oorwinnaars wanneer ons in die kerk van God is. Dit is hoekom die Bybel sê dat ons nie die onderlinge byeenkomste moet nalaat nie (Hebreërs 10:25). Vir baie mense is dit 'n moeilike saak om by die kerk van God te kom – die kerk is ver weg, hulle is moeg, het nie vervoer nie, ensovoorts. Op dié manier verloor hierdie mense

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE**
**BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
**Erken deur Internasionale Christenleiers &**
**Senior pastore vir die afgelope 53 jaar**

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
**HAAS JOU VIR TOELATING!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 Februarie 19 Tot 2023 Maart 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## SAKE VIR LOF EN DANK

**Februarie 19** ➲ Sy beskerming van ons senior pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

**Februarie 20** ➲ Sy seën op die jeug sodat hulle met entoesiasme deelneem in al ons kerklike aktiwiteite.

**Februarie 21** ➲ Sy genade teenoor ons gebeds-vennote, suskripsievernnote, geloofsgenote, lewenslange vennote en groot opdragvennote en hulle gesinne.

**Februarie 22** ➲ 'n wonderlike mediaspan wat ons help met die soomlose transmissie van ons **Echo of His Call** YouTube-kanaal.

**Februarie 23** ➲ Sy seën in die vorm van die spesiale kamera vir ons YouTube-uitsendings.

**Februarie 24** ➲ Ons senior pastoor vir sy toewyding in die verspreiding van die evangelie deur veelvuldige bedieninge.

**Februarie 25** ➲ Sy seën op ons **Echo of His Call** personeel en hulle gesinne met goeie gesondheid en goddelike beskerming.

**Februarie 26** ➲ Sy seën op ons met morele en finansiële ondersteuning van ons vennote.

**Februarie 27** ➲ Sy seën op ons Mediabediening en die **Echo of His Call** YouTube-kanaal aan onbereikte mense in vele tale.

**Februarie 28** ➲ Sy genade aan ons bewys om ons 2023 Kalender te voltooi en ons beloftekaarte te druk en te verstuur.

**Maart 01** ➲ Sy seën op 'n meer georganiseerde manier van werk in ons kerkbediening.

**Maart 02** ➲ Die voorsiening van musieklesse vir die studente van ons Residensiële **Nehemia Bybelkollege.**

**Maart 03** ➲ Sy seën op ons spesiale Kersfees-programme by die residensiële **Nehemia Bybelkollege** en die **St. Paul's Matriculation School.**

## SAKE VIR GEBED

**Maart 04** ➲ Die toelating van verdienstelike studente tot ons residensiële en Aand-Nehemia Bybelkollege vir die akademiese jaar 2023-24.

**Maart 05** ➲ Die toelating van nuwe studente vir ons **St. Paul's Matriculation School** vir die akademiese jaar 2023-24.

**Maart 06** ➲ Die veiligheid van ons senior pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede van alle soorte bose magte.

**Maart 07** ➲ Goddelike beskerming van die lande van die wêreld teen nuwe variante van Covid.

**Maart 08** ➲ Ons tegniese werkers soos die operateurs van die drukpers, voertuigbestuurders en rekenaar-operateurs.

**Maart 09** ➲ Kinders en die jeug van die nasies om Jesus Christus te aanvaar as hulle perooonlike Verlosser.

**Maart 10** ➲ Christelike predikers om die evangelie suiwer te verkondig sonder dwaalleer.

**Maart 11** ➲ Dienaars van God wat bedieninge in tronke waarneem.

**Maart 12** ➲ Die beskerming van die kinders en jeug van die wêreld teen verslawing aan aanlynspeletjies.

**Maart 13** ➲ Die uitsending van boodskappe deur pastoor S. Sam Selva Raj in addisionele tale op ons **Echo of His Call YouTube kanaal.**

**Maart 14** ➲ Ons medewerkers wat betrokke is by die bediening van onderrig en vertaling.

**Maart 15** ➲ Ons Assistentredakteurs en hulle gesinslede.

**Maart 16** ➲ Die sukses van ons senior pastoor met die skryf van sy outobio-grafie.

**Maart 17** ➲ Die vrede van Israel.

**Maart 18** ➲ Die bejaarde mense in die ouetehuise.

*verv. v. bls.4*

die voorreg om na God se kerk te gaan, te aanbid en deur God geseën te word. Die misterie is groot, die misterie van die verhouding tussen Jesus Christus en die kerk van God. As jy in 'n kerk is, sal niks in die wêreld jou oorkom nie. Jy sal 'n lewe van oorwinning lei.

Die mense wat lidmate is van God se kerk – dié heiliges wat 'n aandeel neem in sy kerk – hulle wat Jesus Christus aanvaar het as hulle Verlosser, is mense van 'n hoër klas. Daar is geen krag op aarde wat hule kan vernietig nie. Al jou nederlae in jou lewe sal oorwinnings word vir jou. Die basis waarvandaan die gesag van die hemel uitgeoefen word, is die kerk. Slegs deur hierdie kerke seën God die lande.

As ons vir mense van hierdie feit vertel, vind hulle dit moeilik om te verstaan. Die mense wat aan die Christendom vashou, is die minder bevoorregtes en die mense wat probleme het. Jy kan dan vra, " Is hulle die mense wat deur God gekies is?" Die antwoord is "Ja", want dit is die waarheid. Die mense wat die Here Jesus Christus aanvaar het, behoort nie aan hierdie wêreld nie. Die hemel beskerm hulle.

## 3. HULLE WAT IN DIE KERK GEPLANT IS, SAL VOORUITGAAN!

**"Hulle is geplant in die huis van die Here; in die voorhowe van ons God blom hulle** (Psalm 92:14) (2020).

Ons kan 'n nagemaakte plant uithaal en weer plant. Dis nie nodig om dit nat te lei nie. Die mense wat geplant is in die huis van die Here is nie tydelik geplant soos die nagemaakte plant nie. 'n Natuurlike plant word in die grond geplant en natgelei. Die mense wat soos die plant is wat vrugte dra, sal vooruitgaan in God se kerk. Slegs die lewens van mense wat soos hierdie pant is, sal werklik vooruitgaan.

Geplant in die kerk van God, natgelei en bemes, sal hulle gewortel wees in die kerk van God, vooruitgaan en vrugte dra in die kerk.

Almal wat dien in die kerk met ware toewyding, vrugte dra deur die dominee te help, sal floreer. Vandag het die meeste mense nie so 'n begeerte nie. Party mense word gedoop in die kerk, en kom tot die gevolgtrekking dat hulle gered is, dan verlaat hulle die kerk en stig hulle eie organisasie en bedryf aktiwiteite wat nie vir die Here aanvaarbaar is nie en beland in allerlei moeilikhede. Uiteindelik kom hulle op die stadium waar hulle wegdraai van alles. Jy sal floreer as jy getrou die visie, die werk en verantwoordelikhede wat jy van God ontvang het in sy kerk, nakom. Sommige mense vra dalk, "As ek kerk toe gaan, sal alles reg wees?" Ja, alles sal reg wees. As dit aan gewone mense vertel word, kan hulle dit nie verstaan nie. Toe ek 'n jong seun was, het ek die skoene van my ou pastoor skoongemaak en hom gehelp. Dit was my bediening. As gevolg van hierdie klein diens, het die Here my tot hierdie wonderlike bedieninge gebring. Is julle geplant in die kerk of is julle net daar neergesit? Vandag is baie mense nie stewig geplant as gelowiges nie, hulle is net besoekers. 'n Plant wat goed gevestig is in die grond, gee vrugte. Baie mense se lewens is sonder vrugte. Ons sê ons is gelowiges en ons is nie oorwinnaars nie. Hoe meer jy betrokke raak in die kerk van God, hoe stewiger word jy gevestig en hoe meer vrugte dra jy in die kerk van God soveel so dat God jou sal laat floreer.

Die welbekende wyle Pastoor G. Sundaram het altyd vir die mense gesê wat onafhanklike bedieningswerk gedoen het, "Jy


**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

ATA NEHEMIAH BIBLE COLLEGE CHENNAI – Regd. Candidate for Membership – ECHO OF HIS CALL ★ Estd.: 1969

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 REACHING NATIONS

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers &

Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**

**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

kan enige plek 'n bediening hê op watter manier jy ook al wil, maar jy moet 'n tou vasmaak aan jou klere en die ander punt aan 'n kerk. Jy moet 'n belangrike plek gee aan jou kerk. Jy sal net van daardie kerk krag kry. Anders gaan julle weeskinders wees in julle geestelike lewe." Hy het hierdie dinge as 'n uitdaging aan hulle gesê. Watter groot waarheid is dit nie!

Die skrywer wat hierdie boodskap skryf, werk ook onder 'n leier en ek word geseën. God het my in sy genade ook geseën met verskeie assistentpastore. Ek is gehoorsaam aan my seniors. Ek is gelukkig. Wat is jou situasie?

## 4. GOD SE DAG VAN VREUGDE

"As jy nie op die sabbat oortree nie, op my heilige dag doen net wat jy wil nie, as jy die sabbat 'n vreugde noem, as jy die heilige dag van die Here in ere hou, as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie, en nie handel dryf nie, sal jy vreugde vind in die Here. Ek sal jou die land weer in besit laat neem, Ek sal jou laat eet van die opbrengs van die land van jou vader Jakob. Ek, die Here, het dit gesê " (Jesaja 58:13,14).

Almal van ons begeer hoër posisies. Ons begeer 'n verbetering in ons posisies. Hoe kan ons dit kry? Op die dag van die Here, dit wil sê op Sondae, moet ons wegloop van die raad van die goddelose en dinge doen wat die Here behaag. Moenie dinge doen wat jouself plesier verskaf of praat oor jou eie sake nie, aangesien dit die Here se dag van behae is. Hierdie dag is 'n goeie dag, die dag van vreugde, die dag van feesviering, die dag van die Here en respekteer die dag. Moenie op hierdie dag kyk na sommer enige programme op die televisie, maar gee voorrang aan die kerkdienste en dink daaraan dit is jou plig om die kerkdienste by te woon. Dan sal jy jou verheug in die Here. Dit beteken nie jy kan op ander dae leef soos jy lus het nie.

As jy op Sondagoggende, na die oggenddiens, beplan om die tyd te gebruik vir jou eie wêreldse sake en werk, sal jy nie werklike vreugde in jou lewe hê nie. Daar sal geen opgang wees in ons lewens nie. Jy moet hierdie dag wy as die dag van die Here. As jy jouself aan die wêreld gee om jou vriende te gaan sien op hierdie dag, dan sal jy nie vooruitgaan in jou lewe nie.

As jy die dag van die Here beskou as 'n dag van vreugde en dit eenkant hou vir die Here, sal jy geluk hê. Die Here sal jou laat sit op die hoogste plek op aarde. As daar in jou lewe 'n ekonomiese of gesondheidsprobleem is of 'n insinking in jou geestelike lewe of jy voel iets onrbreek in jou wat ander mense het en jy vra die Here "Hoekom Here?" Dan is die antwoord: die Heilige Gees praat baie duidelik met jou deur hierdie boodskap. As jy sy dag beskou as 'n dag van vreugde, sal jy gelukkig wees en die Here sal jou op die hoogste plekke hou.

## 5. GELDELIKE SEËNINGE!

**"Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie."**

"As ek 'n deel van my inkomste gee, sal daar goeie tye op my wag?" Party mense vra hierdie vraag. Een tiende van jou hele inkomste behoort aan God. Jy moet een tiende van die geld wat jy geleen het aan God gee. Een tiende van die geld wat jy verdien, behoort aan God. Waar moet jy hierdie

*....verv. op.bls. 9*


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## MY VELDBEDIENING!

Die Here God het my goeie vriende gegee om sy evangelie te versprei deur mini- evangeliese byeenkomste op oop stukke grond en mini-byeenkomste in huise. D. Richard Thambiraj, William, Selvaraj, Bijili Samraj, P. Chandrasekar, Mev. J.V. Selvan ens. het my gehelp in hierdie bediening.


Toe ek oplugbyeenkomste gehou het in 'n plek genaamd Navalar Nagar naby ons gebied, is mense aangeraak deur die mag van die Here Jesus Christus en duiwelbesete mense is verlos en siek mense is gesond gemaak. So het die Here se salwing beging werk.

Die mense in daardie gebied, insluitende arm, ryk, geleerd en ongeletterdes het die Here Jesus Christus aangeneem as hulle persoonlike verlosser. 'n Groot aantal wonderwerke het gebeur. Ek het gewoonlik my musiekinstrument, trekklavier, gespeel, gesing, kinderprogramme gelei en hierdeur het God my verhef as 'n dienaar van die lewende God Jesus Christus. Mense het my begin respekteer en aangesluit by my gebedsbyeenkomste, vanweë die werklike wonderwerke en veranderings wat in hulle lewens begin het. Ek het nooit enige Christene aanvaar wat lidmate was van ander kerke soos Rooms-Katolieke en Protestante nie. God het my nuwe gelowiges gegee om Jesus Christus te volg en Hom te dien. Ek het my vriende opelei in die verspreiding van evangeliese traktaatjies en boekies wat verskaf is deur Ds. Samuel Daniel van die Faith Prayer Tracts League. Ek het ook my vriende opgelei om te sing, te getuig, preek en nuwe mense te besoek. So het ek 'n baie bedrywige lewe begin om meer te bid vir my eie siel se vooruitgang en die die las wat God my gegee het om onbereikte mense van verskillende nasies van die wêreld te bereik op allerlei maniere, ten alle koste op enige wyse. **Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.** 1 Korintiërs 9:22.



*Ds. Samuel Daniel*

Eendag in 1973 toe ek besig was met die verspreiding van 'n evangeliese traktaatjie met die titel "Die Beste wat ek kan doen!" naby die E.L.S Boekwinkel in Mountweg met die hulp van my vriend Broer J.R. Jeyabalan, die bestuurder van die boekwinkel, het ek Ds. Dr. Augustine Peters, een van die leidende dienaars van God, ontmoet. Hy het vir my gebid en sy hand op my kop gelê daar in die besige straat en het geprofeteer en gesê, "Hier is 'n seun – Hy is bestem deur My vir 'n groot bediening van die evangelie. Ek het hom geroep. Ek sal hom buitengewone gawes gee, gesondheid, rykdom en mense oor die hele wêreld. Hy sal my getroue dienaar wees en geliefde seun op wie ek my seën sal uitstort."



*Ds. Dr. Augustine Peters & Pr. S. Sam Selva Raj*

'n Paar dae later het hy my geroeop deur sy vriend Br. C.N. Rajan, 'n fotograaf en my gesalf as 'n dienaar van die evangelie. Dis belangrik om daarop te wys dat dieselfde krag, visie en stabiliteit nog steeds in my lewe aanwesig is. Al die woorde wat deur hom uitgespreek is, word vervul. Ek dank God daarvoor!

***

verv. v. bls.7

tiende van jou geld gee wat aan God behoort? Jou tiendes moenie wees vir evangelisasiewerk of vir die tydskrifbediening nie of vir sendingwerk nie. Dit behoort ook nie te gaan vir die werk wat deur sommige evangeliste gedoen word wat op plekke kampeer , seminare hou, ens. Dit behoort in die geheel aan jou kerk waar jy 'n llidmaat is. Die kerk kan dit gebruik vir sy bedieningswerk en dit mag gespandeer word vir die armes en behoeftiges in ander areas van God se bediening.

Dit is die belangrikste dat jy 'n kerk vind waar God se geld slegs gebruik word vir God en om 'n lidmaat van daardie kerk te wees. Die Bybel vra jou om een tiende van jou inkomste te bring na die voorraadkamer van jou kerk. Die gelowiges het geen magtiging om hierdie geld te spandeer nie. Daar is geen gesag vir 'n gelowige om die tiendes aan te raak en hier en daar aan mense te gee nie.

Bring jou tiende na die voorraadkamer van die kerk. Die Here sê "Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet," nie. Ons behoort nie een enkele woord van die verse van God te verander nie. Ek is iemand wat geseën is deur die gee van een tiende van my inkomste.

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentra) (Aand / Resiensieel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 09 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Pastoreberading : 4.00 nm. Sondag
18. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
19. Midweek Bybelstudie : 6.30 nm. Woensdag
20. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
21. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
22. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
23. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
24. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
25. Gebedsgeleentheid vir ouers : 4.00 nm. Eerste Sondag
26. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
27. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
28. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
29. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
30. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
31. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## SPECIAL ANNOUNCEMENT

### We Need Honorary Representatives!

Of late, we find that the number of readers of **Echo of His Call** magazine printed in Sinhala, Nepali, Urdu and Afrikaans languages has considerably reduced. This may be due to the loss of our old friends and the probable relocation of their domicile. We have been thinking of ways and means to strengthen the number of readers.

As a measure of effort, we solicit Honorary Representatives from our readers of Nepali, Urdu, Sinhala and Afrikaans to

(i) Enroll more and more readers for the magazines in their respective languages.

(ii) To come forward to print more copies and dispatch to the readers in their respective countries / areas and

(iii) Help us by raising some Honorary Representatives to provide new addresses and to promote the distribution by taking photo copies and sending them to family and friends.

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

Partykeer, wanneer ons 'n klein inkomste kry, sal ons die tiende gee. Maar as ons inkomste vermeerder, sal dit 'n bietjie moeilik wees om die tiende te gee. As jou inkomste 100 roepee is, kan jy tien gee as 'n tiende, wanneer dit 1000 is, is die moontlik om een honderd roepee te gee. Maar as jou inkomste 10,000 roepee is, is dit nie so maklik om 1000 roepee te gee as 'n tiende.nie. Soos die Here ons meer en meer seën en as ons getrou is in die gee van die tiende, sal die Here ons meer en meer oorvloedig seën. As jy die tiende vir jou kerk gee, sal die Here vir jou die vensters van die hemel oopmaak en sy seëninge uitstort. Dit is 'n groot misterie. Baie mense is onbewus daarvan. Doen jy dit net en kyk wat gebeur. Die oorwinning sal joune wees!

************

## Bid asseblief

**ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL**

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj, sam@echoofhiscall.org) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"**
**on 4th FEBRUARY 2023**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

**To**

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**